### *Die oordeel oor die burgers van Násaret*

**25** Daar word baie gepraat oor die gebeurtenisse in Ostrasine in Egipte*, waar Ek My kinderjare deurgebring het, en Moeder het ook baie daaroor te vertel en ervaar baie genoeë aan die verhale van die onderkoning van Asië, soos wat mens Cyrenius ook wel noem. *[*Lees "Die Jeug van JaHshua"]*

[2] Jakobus, die seun van Josef, wat `n kundige skrywer is, haal `n taamlik dik rol uit `n kas en gee dit aan Cyrenius met die woorde: "Verhewe meester, hierop het ek vanaf Sy geboorte alles opgeskryf tot by Sy vyftiende jaar, maar besondere dinge het Hy eintlik slegs tot by Sy twaalfde jaar gedoen. Na die twaalfde jaar verdwyn Sy goddelike gawe in totaliteit, dat daarvan ook nie die minste meer te bemerk was nie. Oor die drie jaar van Sy dertiende tot Sy vyftiende jaar staan daar dan ook niks in nie; want behalwe enkele taamlik wyse woorde vind daar niks besonders meer plaas nie, en daarom het ek dan ook na Sy vyftiende dit nie meer nodig gevind om die heel gewone, menslike belewenisse, wat ek van Hom gesien het, op te skryf nie. Hiermee kan hierdie beskrywing van Sy jeug as `n afgeslote geheel beskou word.

[3] Maar behalwe hierdie aantekeninge van my bestaan daar nog baie foutiewe verhale, wat waarskynlik die werk van ou vissersvroue was wat niks te doen gehad het nie; daarom vra ek aan almal om slegs my aantekeninge as die enigste ware en voltooide een te beskou. As ek U, verhewe meester, daarmee `n genoeë kan aandoen, versoek ek dat U die geringe werk as `n klein erkentlikheid van my in barmhartigheid aanvaar vir die talle weldade wat U ons bewys het!"

[4] Met baie genoeë neem Cyrenius die rol, kyk `n oomblik daarin en lees dit hardop vir die ander en dit verskaf aan almal baie genot. Veral die bekoorlike Sarah en haar moeder beleef daaruit besonder baie plesier.

[5] **Sarah** word telkens tot trane toe bewoë en sê uiteindelik heelwat opgewonde: "Wat is daar nou nog meer vir ons nodig om Hom te aanvaar, wat ek al sedert my eerste genesing verstaan het?! Elohim! Sulke dade, sulke tekens - en nog geen geloof, geen begrip, geen erkenning van dit wat waaragtig goddelik is nie?! Meester, ek as arme, swakke sondares voor U, vra U: Doen hier geen tekens meer nie! Want die volk van Násaret is, met enkele uitsondering na, nie werd om op gespuug te word nie, laat staan nog dat U gewyde woorde en dade hulle waardig sou wees! Ek sê openlik dat ek die volk, as ek die mag daartoe sou gehad het, so lank sou laat vas, hongerly en gésel totdat hulle tot inkeer sou kom en sou erken het hoe baie hulle gesondig het deur nie hierdie gewyde tyd van beproewing en groot barmhartigheid as sodanig te herken nie!"

[6] **Ek** sê vir Sarah: "Liefste Sarah, vererg jou nie oor die dommes en die blindes nie! Ek ken hulle en hul ongeloof, en soos wat jy wens, sal Ek vanweë hulle ongeloof weinig of heeltemal geen tekens meer doen nie. *(Matthéüs. 13:58).* En jy, skrywer Matthéüs, noteer dat Ek vanweë die ongeloof hier in My eie geboorteplek nog min tekens gaan doen. Selfs in die laaste tye sal die hele wêreld daardeur weet watter harde en ongelowige kalante hierdie burgers van Násaret in My tyd was! Maar ons sal ons tog `n paar dae hier ophou en ons deur die inwoners as gebrandmerkte leeglopers goed laat versorg! Want omdat hulle hulle vererg, moet hulle hulleself sodanig vererg **dat hulle gouer ryp kan word vir die satan en sy vervloekte ryk!"**

[7] **Cyrenius** sê: "Dit spyt my in die besonder dat ek deur my talle regeringsake nie langer as hoogstens `n dag hier kan bly nie; maar as ek, o Meester, op die een of ander manier iets vir U kan doen met hierdie baie ongelowige volk, sê dit maar en ek sal dit dadelik doen! As U dit wil, laat ek dadelik die hele stad gésel!"

[8] **Ek** sê: "Laat ons nie meer daaroor praat nie! Hulle is reeds voldoende gegésel en gestraf omdat hulle nie in My geglo het nie; **want hul ongeloof sal eendag hul onverbiddelike regters wees**, waarvan hulle van die duisendmaal nie eenmaal sal kan weerstaan nie! Waarlik, Ek sê vir julle, eerder en makliker sal alle hoere, egbrekers en diewe die Ryk van Elohim binnegaan, as hierdie ongelowige bokke en lomperds! O, Ek sê dit vir jou, omdat Ek dit maar al te goed weet: Hierdie bokke en lomperds is nie so ongelowig soos wat hulle lyk nie; **hulle wil maar net nie glo nie, sodat hulle vry kan wees om nog verder te kan sondig!** Want as hulle My leer vanweë die tekens sou aanneem, dan kry hulle ook `n gewete, wat hulle sou verhinder in hul slegte doen en late. Daarom glo hulle maar liewer niks nie en redeneer hulle elkeen die voor die hand liggende waarheid uit die hart uit, sodat hulle tog maar onbelemmerd kan doen wat hulle slegte begeertes hulle influister. Vriend, daar sou nog baie meer te sê wees, maar hieroor kan mens liewer swyg! Daarom laat ons hulle soos wat hulle is, want wat eenmaal van die duiwel is, is op die gewone manier heel moeilik om goddelik te maak!"

### *Die mens en die wet*

**26** **Cyrenius** sê: "Dit is goed dat ek dit weet; die res kom nog! Omdat hulle U leer nie wil aanneem nie, sal ek vir `n ander een sorg. Ek sal hulle die reeds geneemde keiserlike besluite, wat my al `n halfjaar gelede uit Rome ter beoordeling toegestaan is, deur Festus en sy knegte, laat bekendmaak! Miskien sal die evangelie uit Rome hulle meer respek inboesem as U s'n uit die hemele! Die besluit bevat honderd punte, dat as `n mens hom nie daarby hou nie, hy gestraf word met die kruis en die gésel. Veelwywery word afgeskaf, ontug en hoerery baie streng met die gésel bestraf, vermenging met die kruis, diefstal en bedrog met die kruis, smokkelary met die gésel en met honderd pond silwer, en verder is daar nog `n aantal dergelike wette wat, as hulle oortree word, bestraf word met die gésel en honderd pond silwer! So sal reise sonder reisvergunning ten strengste verbode wees; die reisvergunning sal egter teen betaling van honderd pond verkrygbaar wees! - Ja, dit sal ek doen en ek sal hierdie nuwe wette veral in die stede van Galiléa baie streng handhaaf en eers sien of daar by die volk geen gewete meer is om ontdek te word en om op te wek nie!"

[2] **Ek** sê: "Dit val onder jou regeringsverantwoordelikheid, en Ek kan jou daarop nòg met `n ja, nòg met `n nee beantwoord. Doen wat jy wil; maar belas My en diegene wat Myne is nie daarmee met ons noodsaaklike reise nie!"

[3] **Cyrenius** sê: "Natuurlik nie; want kunstenaars, artse, wyses en profete val daarbuite! Hul getuigskrifte, hul dade en woorde is vir hulle `n geldige reisvergunning, en op strawwe van die dood mag niemand hulle daarby verhinder nie. Maar U gee ek dadelik `n offisiële verklaring saam en niemand sal U aanhou as U hom dié verklaring laat sien nie!"

[4] **Ek** sê: "Ek verheug My oor jou gedurige goeie wil, maar bespaar jou desondanks hierdie moeite! Want solank Ek rond wil trek, sal geen mag ter wêreld My kan belet nie! Wanneer Ek egter eenmaal My lewe vir die hele mensdom sal gee, sal ook geen mag ter wêreld My beskerming kan gee nie; en wanneer hy dit My sou aanbied, dan sal Ek dit tog nie aanneem nie! Want, vriend: Hy, aan Wie hemel en aarde gehoorsaam is, sal tog sekerlik wel magtiger wees as alle mense op hierdie aarde wat My nouliks tot voetbank kan dien!? Doen jy daarom maar wat jy wil, maar dit sal weinig oplewer! Want al maak jy nog hoe `n volmaakte wet, dan sal jy tog maar al te gou gewaarword hoe handig die mense die wet sal omseil, en jy sal niks daarteen kan doen nie.

[5] Elohim se gebooie, wat deur Moses aan die volk gegee is, is beslis net so alomvattend en volmaak, maar mense het, soos wat hierdie tye dit wys, Elohim se gebooie so handig in hul eie slegte wette omvorm, dat die hedendaagse mense nou heeltemal geen gewetensaak meer daarvan maak om die gebooie van Elohim te oortree nie, net soos wat hulle hulle maar hou aan hul wêreldse wette!

[6] As die mense dit egter al aan die groen hout doen, wat sal hulle dan met `n dorre stronk uit Rome doen!? - Doen daarom dus maar wat jy wil, en Ek sal dit goed vind; maar Ek sê ook vir jou:

[7] Hoe meer wette, hoe meer misdadigers waar na verloop van tyd julle kruise en gésels nie eers meer toereikend sal wees nie!"

[8] **Cyrenius** sê: "Alles wat U my nou gesê het, is onteenseglik waar, maar ek vra U tog nog ter wille van myself: Wat kan mens dan doen teen die weerspannigheid van hierdie mense, want hierdie Násareners wil aan geen Elohim en geen hoëre openbaring meer glo nie en hulle hoon die gebooie van Elohim openlik met hul handelinge?! Moet mens hulle dan ook nog sonder streng wêreldse wette laat, sodat hulle sonder enige vrees hul losbandige luste na willekeur kan laat seëvier? Daarby steur hulle hulle al lankal nie meer aan enige goddelike wet nie, en onder mekaar en met hul bure, gedra hulle hulle erger as die verskeurende diere uit die wildernis en die bosse! Ek vind dat streng wêreldse wette hulle op hulle plek hou, sodat sulke totaal verwilderde mense weer tot orde geroep kan word en hulle sodoende tot die kennis van Elohim teruggebring kan word!"

[9] **Ek** sê: "Sekerlik, want in hierdie geval is daar geen ander weg moontlik en denkbaar as die van die opdwing van die wêreldse wette nie! Maar daarby is dit baie belangrik watter wette `n mens aan hierdie mense moet gee!

[10] Daarvoor het mens `n baie grondige kennis van die menslike natuur ook nodig; en die wetgewer mag nooit die ware rede van die ontaarding van die mens uit die oog verloor nie - anders lyk hy soos `n dokter wat met een en dieselfde medisyne by alle mense voorkomende siektes wil genees, maar nie daaraan dink dat heeltemal verskillende soorte siektes deur die menslike liggaam opgedoen kan word nie, ook dat die verskillende aard daarvan `n ander oorsprong het. So `n dokter sal so nou en dan wel hier of daar `n sieke teëkom waarvoor sy medisyne deugdelik blyk en hom daardeur genees, maar honderd ander siekes wat aan `n ander siekte ly, sal nie beter word van die medisyne nie, maar baie sieker en sal selfs daaraan sterwe!

[11] As dit nou al by `n siek liggaam, wat elke dokter tog kan sien en kan betas, moeilik is om te bepaal wat goeie medisyne is, hoeveel moeiliker is dit dan nie om vir `n siek mensesiel goeie medisyne te vind en te omskryf nie!

[12] Die wet is `n beter medisyne as die korrekte leer, waarvoor die wet gehou moet word, daarmee saamhang; maar dink nou eers self oor die volgende na:

[13] Hier het jy `n opvlieëende siel, daar `n bange, dan weer `n arglistige, `n afgunstige, `n gierige en tot bedrieëry geneigde siel; ook sal jy `n soekende siel aantref, en daarteenoor `n trae en slaperige een; in één huis sit vier gehoorsame nederige siele, in `n ander vyf weerspanniges - en so gaan dit maar aan met ontelbare eienaardighede, swakhede en hartstogte.

[14] Jy gee nou vir al hierdie ontelbare karakters dieselfde wet; wat sal dit hulle baat? Die bange sal twyfel, die toornige sal hom tot wraak en rewolusie wend, die loue sal lou bly, en die ondersoeker sal alle moed verloor en sy nuttige werk staak; die gierige sal nog gieriger word, en die hoogmoedige sal saamspan met die toornige, en die sluwe sal sy dienste aan beide aanbied!

[15] As jy hierdie en baie duisende ander treurige gevolge bedink wat moet voortkom uit `n dom, growwe wet, dan sal jy naas die noodsaaklikheid van `n wet ook die ander noodsaaklikheid insien, naamlik dat `n wet besonder skerp en grondig ondersoek moet word of dit wél heilsaam is vir alle moontlike karakters!

[16] As `n uitgevaardigde wet nie vooraf daarop ondersoek is nie, dan moet dit nie aan die mense opgelê word nie, omdat dit in die algemeen beslis meer skade as nut teweeg sal bring.

[17] Kyk, Elohim, die wyse Skepper, het in Sy eindelose groot Wysheid in `n sekere sin slegs tien voorskrifte gevind wat bruikbaar is vir alle karaktersoorte van die siel, en elke mens kan hulle ook baie goed onderhou, as hy maar wil. As Elohim Self nou maar tien voorskrifte gevind het wat met die natuur en die hoedanigheid van elke mensesiel so korrespondeer dat `n mens alle nut daarvan kan verwag, hoe is dit dan moontlik dat `n heidense keiser in Rome dadelik honderd voorskrifte kan vind waarvan die navolging daarvan aan die mensesiele hul heil moet bring?"